# Regse prentjie nie so duister nie?

**Vir buitestanders lyk die regse politiek deesdae veel meer potent en gevaarlik as drie maande gelede. In hierdie artikel argumenteer 'n vooraanstaande regsgesinde, wat naamloos wou bly, dat genl Constand Viljoen – met heelwat hulp en ook baie geluk – die nuwe vitaliteit op regs konstruktief kan kanaliseer.**

OPMERKLIKE groot opkomste by vergaderings van die Afrikaner-Volksfront – veral die toegespreek deur genl Constand Viljoen – het die openbare aandag onverwags skerp gefokus op die regse politiek.

Dat daar 'n nuwe vitaliteit by die regses aanwesig is, is gewis. Die toetrede van 'n afgetrede weermaghoof in die persoon van genl Viljoen het die erge regse gedemoraliseerdheid van net twee, drie maande gelede op verbasende wyse verdryf.

'n Hele reeks gebeure, onder meer die moorde op boere, die aanhoudende hoë misdaadvlak, die hardnekkige tam ekonomie en die persepsie by baie blankes dat pres F W de Klerk te veel toegewings doen by die grondwetlike onderhandelings, het die regse politiek voorwaar verbasende nuwe stukrag gegee.

Beteken dit dat Suid-Afrika, ver gevorderd in 'n oorgangsproses na demokratisering, te kampe gaan kry met verharde regse polarisasie wat boonop al sterker steun kry?

So 'n scenario hoef nie noodwendig plaas te vind nie en aanduidings is inderdaad dat dit vermy kan word – veral as die politieke hoofrolspelers in die sentrum van die politieke spektrum genoegsame staatmanskap beoefen.

**An English version of the articles on these pages is available from Idasa's media department**

Die allerbelangrikste van hierdie aanduidings is dat Suid-Afrika lank nie meer met eenvoudige "regse" politiek te doen het nie. Simplistiese definisies soos "regs" en "ver-regs" is lomp en ontoereikend en bring min begrip oor wat werklik onder baie Afrikaners aan die gang is.

Dit laat na om in berekening te bring dat die demokratiseringsproses wat die kommunistiese bestel in Oos-Europa vernietig het, 'n veel omvattender verskynsel is wat nie net ook die Nasionale Party van sy eertydse beleidsrigtings laat afsien het nie, maar tot diepgaande besinning onder eens regse Afrikaners gelei het. Die oorwinning van die liberale demokrasie het nie net Marxisme vernietig nie, maar ook blanke baasskappers in Suid-Afrika tot in hulle heel laaste loopgraaf gejaag.

Daarom behoort die skeuring in die Konserwatiewe Party in Augustus verlede jaar nie onderskat te word nie. Die groep wat weggebreek het, het al die regse politiek se heilige koeie letterlik in die openbaar geslag, maar is desondanks daarna opgeneem in die Volksfront!

Wat van verdere betekenis is, is dat genl Viljoen juis aanvanklik by daardie geledere gaan aansluiting soek het (hy was, sover bekend, nooit 'n ondersteuner van die KP nie) en hom uit die staanspoor



*Genl Constand Viljoen ... "oorgenoeg ingebore redelikheid".*

vereenselwig het met eintlik byderwetse liberaal-demokratiese begrippe soos nie-rassigheid, federalisme en 'n handves van menseregte – maar met die erkenning van een of ander geografiese inhoud aan kultuurregte, in dié geval van Afrikaners wat dit verkies. Van apartheid, blanke baasskap of selfs differensiasie op grond van kleur, is daar hier nie sprake nie, wat beteken dat sommige op die linkerkant van die Volksfront ewe goed in Wes-Europese Christen-Demokratiese Partye sal kan tuis voel.

Dit is egter net die meer positiewe kant van die prentjie. Saam met genl Viljoen en sy geesgenote is in die Volksfront ongelukkig 'n meerderheid konserwatiewes en selfs reaksionêre wat weier om 'n nuwe politieke orde binne te gaan en vir hulleself binne só 'n bestel in ooreenstemming met fatsoenlike beginsels 'n eie plek in die son te beding.

Ekstreme faksies, sommige met pre-moderne en selfs feodale opvattings, sal enigiets doen om die oorgangsproses te stuit, daarvan is die Hani-moord die blywende getuienis.

Genl Viljoen, wesenlik 'n gematigde ondanks soms opruiende uitsprake, is die kleefstof wat die erg amorfe Volksfront bymekaar hou en dit is binne dié bedeling wat die toekoms van 'n groot deel van Afrikaners nou uitgespook word.

Terloop, dit help nie om te sê die Volksfront is 'n minderheid van 'n minderheid nie; met waarskynlik 'n volgelingstal van 'n miljoen tot 'n

# Boewe in bakkies

**Die wit boewe element aan regterkant sal nie vanself verdwyn nie en sal moet vasgevat word, waarsku HENNING MYBURGH (regs).**



BOERE in die Noord-Kaap het 'n ruk gelede 'n voorsmakie gehad van die laakbare aanslag op die World Trade Centre in Junie.

Idasa is vroeg vanjaar deur 'n bestuurslid van die Noord-Kaap Landbou-unie, mnr Pierre Vercueil, gevra of behulpsaam te wees met die reel van 'n inligtingsdag oor grondhervorming vir boereverenigings in die gebied. Mnr Vercueil het gevoel dat dit noodsaaklik is dat boere vanaf die grondvlak op 'n ingeligte wyse begin deelneem aan die debat oor grondhervorming. Op sigself was dit 'n prysenswaardige doelwit, maar uiteindelik het die vergadering om heeltemal 'n ander rede besondere betekenis verkry.

Op die aangewese dag in Mei is die vergaderingslokaal in Vryburg deur ongenooide regsgesindes oorgeneem op 'n wyse wat dit onmoontlik gemaak het om met die verrigtinge voort te gaan. Die rede wat voorgehou is vir die skending van mense se reg om in vrede te luister na die standpunte van die ANC en andere oor die belangrike sake soos grondhervorming, was dat die "boerevolk" in die Noord-Kaap nie sou toelaat dat enigiemand met die ANC onderhandel oor "hulle bloedgrond" nie. Uiteindelik, na heelwat onderhandeling en nadat die hulp van die polisie ingeroep is, kon die vergadering ongestoord voortgaan.

Die betekenis van hierdie gebeurtenis lê in die feit dat almal wat belangstel in 'n onderhandelde oplossing vir die probleme van Suid-Afrika besig is om diegene wat gekant is teen sulke onderhandelinge te onderskat, en ook terselfdertyd te oorskat. Onderskat in die sin dat mense nie besef tot watter mate hierdie mense bereid is om geweld en intimidasie te gebruik om hulle doelwitte te bereik nie. Oorskat in die sin dat die aard van sommige die moontlikheid van enige onderhandelde ooreenkoms by voorbaat uitsluit.

Die ontstellende aspek van hierdie ervaring is dat mense wat geen duidelike politieke doelwit het behalwe 'n vae ongedefinieerde begeerte om hulle "grond vry te hou van ANC oorheersing" in staat is om deur hulle intimiderende taktiek 'n volwasse gehoor van 120 mense as't ware gyselaars te hou wanneer so 'n gehoor sy reg tot vrye spraak wil uitoefen. Dit is veral betekenisvol dat sulke aksie nodig geag word terwyl hulle politieke verteenwoordigers by die onderhandelingstafel probeer om op 'n vreedsame wyse die beginsel van 'n volkstaat aanvaarbaar te maak vir die belangrikste onderhandelingsvennote. Die onvermydelike gevolgtrekking is dat daar 'n groot groep regsgesindes is wat die onderhandelingsproses slegs beskou as 'n instrument waarmee persoonlike agendas bereik word soos die voortgesette beset van grond wat eintlik al deur die skuldeisers teruggeneem moes gewees het.

Dit sal geen verskil aan hierdie mense maak of daar uiteindelik 'n volkstaat toegestaan word of nie. Namate hulle uitboer gaan ons al meer 'n situasie beleef waar wit boewe in bendes deur die platteland beweeg en mense terroriseer wat wil meewerk aan die ontwikkeling van die nuwe Suid-Afrika. Die slagoffers van hierdie soort skurkery sal ook insluit daardie eerbare maar naïewe regses wat onder die waan verkeer dat hulle besig is om 'n "volk" na selfbeskikking te lei.

Die vraag is wat gedoen kan word on te verhoed dat die hele onderhandelingsproses op hierdie manier verongeluk word?

In die eerste plek sal daar met meer sensitiwiteit en verbeeldingrykheid met die hele kwessie van selfbeskikking omgegaan moet word by die onderhandelingstafel as wat tot dusver die geval was. Objektief gesproke is dit nie 'n oplossing vir die land se probleme nie, maar dit is sinneloos om nie geleenthede vir kompromie deeglik te ondersoek nie.

Dit sal egter ook nodig wees om te besef dat die wit boewe element aan regterkant nie in die niet sal verdwyn nie en vasgevat sal moet word. Die wyse waarop dit gedoen kan word, is om die huidige konsensus dat onderhandelinge die weg vorentoe is te gebruik as 'n legitimeringsmiddel waarmee mense wat nie 'n vreedsame pad wil loop nie gekriminaliseer kan word. Dit veronderstel natuurlik gesamentlike beheer oor die meganismes van wet en orde. Hoe gouer ons egter hierdie onsmaaklike taak agter die rug kry hoe beter.

**Henning Myburgh is streekdirekteur van Idasa in die Vrystaat.**

---

miljoen en 'n half het hy die potensiaal om 'n erg ontwrigtende uitwerking op 'n nuwe, demokratiese Suid-Afrika te hê. Terselfdertyd hou hy egter ook die moontlikheid in om weerbarstige Afrikaners vir 'n sinvolle skikking te "lewer". (Gebeur dit en doen die PAC dieselfde, sal Suid-Afrika baie na aan 'n omvattende konstitusionele vergelyk kom).

Teenoor sy reaksionêre volgelinge binne die Volkssfront speel genl Viljoen op 'n ongelyk veld – gelukkig ten gunste van hom. Die regse politieke partye en bewegings, die meeste van hulle die slagoffers van swak leierskap en beleidloosheid, is erg afhanklik van die generaal. Hy het dus 'n aansienlike mate van politieke hefkrag teenoor partye soos die Konserwatiewe Party. In gunstige omstandighede kan dit nie uitgesluit word nie dat genl Viljoen – indien hy op sy beurt genoeg leierskap en durf aan die dag lê – 'n katalisator kan wees om regses by 'n historiese grondwetlike vergelyk te betrek.

Moet egter nie die hartstog van ekstremiste binne die Volksfront onderskat om genl Viljoen vir hulle saak te wen nie; hulle arbei waarskynlik onvermoeid om hulle reaksionêre opvattings aan hom te verkoop en hom te wen vir 'n lang weerstandstryd.

Genl Viljoen en die meer gemagtigdes binne die Volksfront speel egter op 'n nadelige speelveld teen hulle wat betref gebeure en partye buite die tradisionele regse politiek.

Sommige leiers van bewegings soos die PAC asook persone soos mnr Peter Mokaba van die ANC se Jeugliga, kan van genl Viljoen niks anders maak as 'n willose slagoffer van eskalarende polarisasie nie.

Genl Viljoen, grootliks onderhandelingsgesind, is in die laaste instansie onderhewig aan die eis wat volgelinge deurentyd aan hulle leiers by onderhandelinge stel, naamlik hoeveel dividende lewer hy vir hulle.

In die meeste gevalle verwag volgelinge nie om alles te kry waarvoor hulle leiers beding nie, veral nie in so 'n komplekse proses soos nou in Suid-Afrika aan die gang is nie. Nogtans sal alle groepe, na gelang van hulle grootte en die redelikheid van hulle eise, bepaalde "suksesse" by die onderhandelingtafel moet behaal vir die proefneming om in geheel te slaag.

Anders as in Bosnië, behoort politieke leiers in die sentrum nie toe te laat dat ekstremiste die gang van sake bepaal nie. Sou dit moontlik wees, kan Constand Viljoen dalk 'n waardevolle bondgenoot wees om te verseker dat regses deel word van 'n nie-rassige, demokratiese skikking in Suid-Afrika.

Vir buitestanders lyk die regse politiek deesdae veel meer potent en gevaarliker as drie maande gelede. Die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, het ironies genoeg, waarskynlik oorgenoeg ingebore redelikheid om daardie potensie in konstruktiewe kanale te stuur. Maar dan het hy heelwat hulp – en ook baie geluk – nodig.